

14 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Romeine 1:18-23
Fokusgedeelte: Romeine 1:21

Geen verontskuldiging nie ...

Wanneer u op 'n keer na die Orion en Suiderkruis kyk, dink u aan God? By die wiegie van u kind/kleinkind, meld u God se wysheid teenoor omstanders? Op die seestrand waar u vakansie hou, erken u in soveel woorde God se mag in die magtige branders?

Vir géén mens – ook nie gelowiges nie! – is daar verontskuldiging wanneer mense God nie eer en dank nie. Want *“van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei ... dat Hy waarlik God is.”*

Dit bly verbysterend hoe mense al óm God redeneer sonder om Hom te eer. Sommige skryf dissertasies oor Hom. In sy boek *“The God Delusion”* (Bantam Books 2006), bestempel 'n Britse bioloog, Richard Dawkins, die bestaan van 'n “persoonlike god” as 'n misleiding. Ander mense maak weer van sy werke (afgods)beelde wat lyk soos mense, voëls, diere of slange (vs 23). Soos sekere Oosterse en Afrika-geloofsgroepe. Maar *“met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister”* (vs 21).

Die onkunde, valse skaamte, moedswilligheid in verband met God se eer is so tragies. Die ontstaan van kinderlike geloof in die lewende God is 'n misterie. Juis dáárom moet u en my dade en woorde tydig en ontydig van sy mensliefde bly getuig, soos deur die kruis en leë graf van sy Seun Jesus Christus bewys.

Sing: Skrifberyming 3-2:1-6 (Kolossense 1)

Ds J Botha (Emeritus, Laeveld)